DIE TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB VAN SUID-AFRIKA

N U U S B R I E F

UITGAWE 1 2021

'n Jong Danie Labuschagne met twee van sy skaarsste en waardevolste plate, nl.
"Die Donkie" van C + W Cooper, gesing deur Chris Blignaut en
"Vêr in die Vrystaat by jou" deur Silver de Lange

Die Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 2555, Wilropark, Roodepoort, 1731

Datums van byeenkomste, jaarvergaderings (in donker gedruk), asook kontakpersone en hul telefoonnommers vir 2021

Wesrand	Pretoria	Oosrand	Vaal-Driehoek	Goudveld
27 Feb	**6 Mrt**	Gekanselleer	**6 Feb**	13 Feb
24 Apr	29 Mei		10 Apr	5 Jun
18 Sep	28 Aug		4 Sep	14 Aug
27 Nov	**2 Okt AJV**		6 Nov	13 Nov
	4 Des			
Flip Snyman	Nico Blom	Martin Dorfling	Willie Badenhorst	André Burger
011 955 3615	072 210 6138	082 542 1908	016 932 1897	057 398 1022
082 624 5308			076 389 7079	084 598 1022

Om te verseker dat ons gewaardeerde ondersteuners geen voordele van die TBK misloop nie, word u versoek om ledegeld op datum te hou deur van die aftrekorderstelsels gebruik te maak. U bydrae gaan nie ongesiens verby nie en ons verstaan dat lede dalk hard getref is gedurende hierdie moeilike tye. Skakel gerus met ons om te praat oor u unieke situasie. Die lidmaatskapfooi beloop R80,00 per jaar en kan deur middel van die internet, direkte deposito of tydens 'n byeenkoms betaal word. Bewyse van betalings wat deur die internet of direkte deposito geskied, moet aan lidmaatskap@boeremusiek.org, of **Posbus 2555, Wilropark, Roodepoort, 1731** gestuur word.
Gebruik asseblief u lidnommer, voorletter en van as verwysing.

Waarom luister jy met meer aandag na die lawaai van die wêreld as na die stilte van jou siel?
- Nella van Weigeren -

Neem asseblief kennis van die debietorderpryse:

R25,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 1 laserskyf per jaar.
R34,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 2 laserskywe per jaar.
R42,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 3 laserskywe per jaar.
R50,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 4 laserskywe per jaar.

Indien daar enige lede is wat navrae aangaande debietorders het, kontak gerus Martin Dorfling by 082 542 1908 of lidmaatskap@boeremusiek.org.

Bankbesonderhede: TBK, ABSA, Tjekrekening, Rekeningnommer 090281062
Laserskywe en TBK-verwante items: Aletta Dorfling, verkope@boeremusiek.org 010 541-0978, Kiepersolstraat 30, Wilropark, Roodepoort, 1731 *of* Posbus 2555, Wilropark, Roodepoort, 1731.
TBK Webblad: http://www.boeremusiek.org
TBK e-posadres: info@boeremusiek.org

Tradisionele Boeremusiekklub

TBK se amptelike WhatsApp groep, of volg die skakel op Facebook

Lede moet asseblief bydraes lewer vir die nuusbrief. Stuur wenke en inligting aan:
nuus@boeremusiek.org in "**Word**"-formaat asseblief.
Dankie aan almal wat bydraes vir hierdie nuusbrief gelewer het.

Luister na die Tradisionele Boeremusiekprogram op Pretoria FM, Boeremusiek: Toeka tot Nou, aangebied deur Hugo Radley en Sam Keyter. Hulle gesels onder meer oor orkesleiers, musikante en musiekinstrumente. Vir gedagtes, kommentaar of sommer net gesels, kan hulle gekontak word by hradley@global.co.za. U kan na Pretoria FM luister op 104.2 fm, DSTV musiekkanaal 887 of op die internet www.pretoriafm.co.za. Die program word Vrydagaande om 19:15 uitgesaai.

'n Mens sonder doel is soos 'n skip sonder sy roer.
- Thomas Carlyle (1795 – 1881) -

IN MEMORIAM

Tom Senekal
24 Augustus 2020

Miempie van Zyl
17 Oktober 2020



Ralie Vlok
21 Oktober 2020

Prof. Langpiet de Villiers
5 Februarie 2021

'n Versameling van oom Jan Mans se laserskywe.
Hy sterf op 30 Januarie 2021.

Dis voorwaar 'n GROOT hartseerdag in ons Vaaldriehoek Boeremusiekkringe! Ons geliefde oom JAN MANS het verhuis na sy hemelhuis! Rus in vrede oom Jan ... ons sal jou musiek en jou groot "menswees" altyd in ons harte saamdra! Ons harte gaan uit na tannie Grace, sy hele familie en al sy musikantvriende en ondersteuners. As 'n huldeblyk aan hom hierdie kort lewensprofiel.

Jan Mans is op 25 Julie 1935 gebore op die plaas Rietvlei-Meyers in die Groot Marico-distrik tussen Marico en Zeerust. Daar het hy grootgeword met boeremusiek en van sy kindsdae af 'n intense liefde ontwikkel vir die geliefde musieksoort en onder die wakende oog van sy vader, oom Piet Mans, dit ook begin speel. Oom Piet was meesterlik met die boerekonsertina, en ook 'n baie goeie mondfluitjiespeler. So het Jan dus die musiek beleef uit die hand van 'n meester by die huis, en ook op die transportpad, as hy saam met sy vader gereis het. In 1954, terwyl Jan besig was met militêre opleiding in Potchefstroom, koop hy 'n vriend wat gesukkel het om sy konsertina te bemeester se instrument by hom vir die "aardige" bedrag van tien pond. Die konsertina het egter nie 'n drakassie (tassie) gehad nie, en Jan moes nog twee pond uithaal vir 'n tweedehandse kassie. Hy het die kassie tot en met sy dood nog gebruik. Oom Jan het in 2007 op 72 jarige ouderdom sy debuut-cd gemaak getiteld "Maricomusiek", waarop hy die Boere- en Engelsekonsertina werklik skitterend bespeel.

Daar is geen groter skuld, as die dank wat wegbly nie.
- Marcus Tullius Cicero (106 - 43 vC) -

Oom Jan was in die laaste tyd die oudste aktiewe konsertinaspeler in die TBK … iets waarop hy baie trots was. Hy het 'n aantal solo-cd's opgeneem, en natuurlik ook saam met sy geliefde Outydse Klanke Orkes! Sy laaste cd was getiteld "Oud maar nie Koud", en is voorwaar 'n meesterstuk van uitstaande konsertinaspel met briljante begeleiding. Die musikante wat hom op dié album begelei het en natuurlik ook almal lede van die puik Outydse Klanke Orkes is, is Sarel Oertel (akoestiese baskitaar), Hannes van Loggerenberg (ritme-kitaar), Pieter du Preez (ritme-kitaar), Phillip du Preez (banjo) en Hannelie du Preez (tjello). Ander lede wat saam met oom Jan in die Outydse Klanke musiek gemaak het, sluit in Henning de Lange en Carel Kleynhans. Oom Jan was ook 'n komponis van formaat en sy eie skeppinge sluit in "Willie se Vastrap", "Sarie se Vastrap", "Leeupoort Vastrap", "Karlientjie Vastrap", "Outydse Klanke Wals", "Rita se Wals", "Tant Ella se Wals", "Remhoogtevastrap", "Lettie se Seties", "Deurmekaar Wals", "Oom Pieta se Seties", "Boet se Wals", "Houtwa Seties" en "Ouposwals".

Tydens die jaarlikse IFM 102.2 Bobaas Boere 5 se Kiewiet-toekennings van 2016 word hy vereer met die Legende Status Toekenning vir sy lewenslange bydrae tot Boeremusiek. In middel Januarie 2021 doen oom Jan en sy vrou tannie Grace die gevreesde korona virus op, en op Saterdag, 30 Januarie 2021 omstreeks 11:30, sterf hy in die ouderdom van 85.

Diskografie:
Laserskywe:
* Maricomusiek van Jan Mans (Met Die Oudag Boereorkes & Lourens Van Zyl Se Orkes) [TBK - TBKSA 01 - 2007]
* Toeka se Liedjies [Privaat Uitreiking - 2016]
* Boerekonsert (Outydse Klanke) [TBK - TBKCD 33 - 2017]
* Oud maar nie Koud (& Die Outydse Klanke Orkes) [TBK - TBKCD 39 - 2018]

Met vergunning van Marius Albert de Vos – Facebook

SKRYWES ONTVANG VAN LEDE

Die ontstaan van "Polla my Hart is so Seer" en "Wewenaar Settees"

Polla my hart is so seer het ook 'n geskiedenis. Destyds het die mense in Namakwaland hul vee aan veespekulante verkoop. Dus was die rondreisende veespekulante 'n algemene gesig in Namakwaland. Omdat die plase vêr uitmekaar was, het dit dikwels so gekom dat die spekulant dan op die een plaas oornag en die volgende dag verder gaan.

Polla was ook so ‘n veespekulant en het op die een plaas aangedoen waar die boer ‘n baie aanvallige dogter gehad het. Kort voor lank was Polla ‘n gereelde gas op die plaas en het daar ‘n vurige liefdesverhouding tussen die "wetsgeleerde" Polla en die naïewe plaasnooi ontstaan. Nie lank nie of sy is dan ook swanger met Polla se kind. Toe Polla die nuus kry, verdwyn hy soos mis voor die son. Nou in daardie jare was ‘n ongehude swangerskap ‘n groot skande. Uitgestoot deur die gemeenskap en vol verlange na haar Polla, het die mense vertel, was sy dwalende en kon hul haar saans hoor sing:

Polla my hart is seer × 3
Wanneer sien ek jou weer?

Polla ek verlang na jou × 3
Wanneer word ek dan jou vrou?

Polla jy't my laat staan × 3
En met ‘n ander weggegaan

Polla jy maak my seer × 3
Kan ons nie weer probeer?

Polla ek huil in die nag × 3
Vir hoe lank moet ek op jou wag?

Wewenaar Settees klink mos na ‘n vrolike liedjie. Tog het dit ‘n baie hartseer verhaal. Destyds het die boeremense van Namakwaland mos agter weiding aan getrek vir die vee. Dan het hulle in die ou donkiewaens gebly op die veepos. So het die jongkêrel en die nooientjie verlief geraak op mekaar en kort voor lank is daar toe bruilof gehou op die veepos. Die predikante van daardie jare het ook maar so rondgereis tussen die veeposte en dan sommer kinders gedoop en huwelike bevestig. So was dit dan ook met die twee jongmense in hierdie verhaal. Uitgedos in haar bruidsgewaad, klim sy toe van die wa af om haar bruidegom te ontmoet. In die proses glip haar voet en sy val en kap haar kop teen die wa en sterf met die val. Platgeslaan en vol verdriet sit die bruidegom daardie aand teen die kampvuur met sy konsertina en sê: "op een dag is ek bruidegom en wewenaar" en begin speel toe die wysie. Dit het woorde ook, maar ongelukkig kan ek nie almal meer onthou nie.

Daantjie Kotzé

Huisplesier II

Gedurende die swaar jare, vanaf die groot depressie tot na die oorlog, was dit nie net die Boere wat moes planne maak om te oorleef nie. Om liggaam en siel te help aanmekaar hou het Saterdagaande se plesiere vir etlike jare ‘n instelling in ta’ Mart se huis geword. Enigeen was welkom om te kom dans en daar was selfs iets wat hedendaagse mense ken as ‘n kontantkroeg. Gaste het ‘n keuse gehad: dit was òf sorgumbier òf Malmsey wyn. Synde ‘n formidabele figuur, het sy nie nonsens van kabouters gevat nie en dissipline is streng gehandhaaf. Tog het sekere mense, soos mense seker maar is, nie hul maat geken nie en het hulle teen laataand skoorsoekerig begin raak. Daarop was ta’ Mart voorbereid.
Onderwyl die geselligheid aan die gang was het daar, in ta’ Mart se kombuis, ‘n pot pap stilletjies gestaan en prut. Met die eerste teken van ‘n bakleiery het ta’ Mart in die deur verskyn met die pot pap en ‘n lepel. Dan het sy die oproeriges met die warm pap getakel. Om warm pap te probeer afvee, is vrugteloos want dit kleef net aan jou hande vas, net soos die Napalm wat gedurende die oorlog teen die vyand gebruik was.
Voor jy kon sê Jack Robinson, was die voorkamer leeg en die orde herstel.

Stephaan van Zyl

Daniël Sarel (Danie) Labuschagne
‘n Uittreksel uit die boek “Tradisionele Boeremusiek” deur Piet Bester

Hierdie vriendelike en hulpvaardige man is op 27 Mei 1937 in Thabazimbi se wêreld gebore en het daar in die Bosveld grootgeword. Hy was nog baie jonk, pas klaar met sy skoolopleiding, toe hy na Pretoria verhuis het waar hy hom as ’n kabinetmaker bekwaam het. Hy is ’n man wat hard kan werk en van geen brouery of afskeepwerk hou nie. Ons Klub het ook baie gebaat by hierdie goeie eienskappe van hom.

Danie was van kleins af hartstogtelik lief vir boeremusiek waarmee hy dan ook grootgeword het. Hy het gelukkig van jongs af begin om boeremusiekplate te versamel. Dis gelukkig omdat ons Klub nou voordeel daaruit trek. Hy versamel nou al vir die afgelope dertig jaar tradisionele boeremusiekplate en het die beste en grootste versameling waarvan ons bewus is.
Die opsteller van hierdie album het sekere kriteria waarvolgens hy werk waaraan Danie voldoen en daarom verdien hy ook ‘n ere-plekkie tussen al die groot “meesters” waarvan ons hierin melding maak!
Hy is een van die stille steunpilare van ons Klub en is die man wat duisende kilometers afgelê het om plate en opnames te bekom; duisende telefoonoproepe gemaak het om

inligting en besonderhede van kunstenaars in die hande te kry; duisende ure van sy vrye tyd opgeoffer het om ou plate op pragtige nuwe langspeelplate oor te plaas en ook al sy verlof aan die aktiwiteite van ons Klub gewy het en nog steeds daarmee voortgaan! Voorwaar, hy verdien net die lof vir sy onbaatsugtige pogings om tradisionele boeremusiek te bewaar en te sorg dat dit nooit mag uitsterf nie! Ek is ook daarvan bewus dat hy baie geld vir slegs één ou gesogte plaat betaal het. So 'n toegewyde en ywerige mens is deesdae 'n seldsame verskynsel en 'n besliste aanwins vir enige klub of instelling.

Danie is ook die man wat Stephaan van Zyl, een van ons jonger en bekwame kunstenaars, aangemoedig en motiveer om met boeremusiek voort te gaan. Die sukses wat Stephaan behaal het, is alreeds in boeremusiekkringe bekend.
In Pretoria het Danie en Stephaan die Oudag Boere-orkes op die been gebring en hulle is reeds baie bekend. Hierdie orkes het ook onlangs 'n oudisie by Radio Suid-Afrika geslaag en sal eersdaags oor "Konsertinaklub" optree. Danie bespeel self die tjello en dit gee hierdie orkes 'n besondere klank wat 'n mens onwillekeurig aan die *Vier Transvalers* herinner.

Danie se huis is 'n bymekaarkomplek vir boeremusiekliefhebbers en -musikante. Daar voel 'n mens dadelik tuis tussen die musiek en vriendelike mense. Tant Lilly King wat Danie se huishouding waarneem, se vetkoek smaak die lekkerste in die hele wêreld! Hulle gasvryheid kan nie met woorde beskryf word nie! Net hulle intieme vriende weet dat Lilly blind is, maar dit doen geen afbreuk aan haar vaardigheid in die kombuis en huis nie! Ek weet dat sy ook 'n stille krag is agter Danie wanneer hy moeg, afgemat en bedruk voel. Met 'n bietjie tee en 'n paar trooswoorde is hy sommer gou-gou weer aan die gang! Ek wil dit net duidelik stel dat Danie nie altyd bedruk is nie, maar dat sy veeleisende werk en na-uurse bedrywighede in verband met sy versameling hom soms baie uitput. Hy werk maklik twintig van die vier en twintig uur aan opnames, briefwisseling en musiek in die algemeen! Lilly, jy moet maar ou Danie vir ons mooi oppas!

Danie vertel dat daar baie hoogtepunte in sy lewe was, maar dat van die belangrikste die volgende was:
Die ontmoeting en vriendskap met wyle dr. Hans la Grange, ds. Lourens Aucamp, Hannes Viljoen, Stephaan van Zyl, Carolina Leeson, Johannes la Grange, Gerrie Snyman, Bobby Pennells, wyle Jimmy Henning, Mike Lotter en talle ander.
'n Ander hoogtepunt was die stigting van ons Klub.
Twee ouens het darem al op 'n beskeie manier dankie aan Danie gesê vir die onskatbare werk wat hy tot dusvêr verrig het: Hannes Viljoen het *Danie se Wals* vir hom

gekomponeer en die uwe het *'n Deuntjie vir Danie* spesiaal vir hom gemaak! Ons weet hy waardeer dit.
Hierdie pragtige voorbeeld van 'n melomaan sal my verskoon as ek die volgende geheimpie uitlaat: Ek het trane in sy oë gesien toe die gedenksteen van Silver de Lange onthul is!
Danie, ons moes eintlik 'n hele boek oor jou geskryf het, maar miskien word dit nog later 'n werklikheid! Baie, baie dankie vir jou bydrae. Nie net ons Klub nie, maar ook al die ware Suid-Afrikaners waardeer jou pogings en deel in die sukses wat jy reeds behaal het.

Ja, vir hierdie energieke en bedrywige mens, wat selfs 'n tuiste en 'n tydjie vir 'n optelhond het, kan 'n man net die hoed lig!

Ns. Na oom Danie se aftrede het hy begin boerekonsertinas bou en tot op hede het hy meer as 300 meesterlik vervaardig!

Dankbare hart

Aan Flip Snyman wat my verwys het na Nico Blom ... "hats off".
Ek is 'n "ouman" nuweling wat op 64 jaar vir die eerste keer aan 'n konsertina geraak het! Ek het die ding verkeerd om beetgehad!
Nico het my dadelik gehelp om dit reg te stel en het vir my 'n les gestuur om te oefen.
Die vingers is nog absoluut onnosel alhoewel ek gereeld oefen maar ek het darem iets om te gebruik om te leer en op voort te bou.
My Boerekonsertina sal net tradisioneel speel as ek hom kan baasraak!
Flip en Nico ... groot dank!!! Dit was altyd my wens om konsertina te kon speel en alhoewel ek nou eers die kans kry, bly dit 'n voorreg om te kan begin leer!
Dankie vir julle hulp en bystand uit my hart uit!!
Ek glo dit is hoe Boeremusiek gaan groei en oorleef. Sonder julle sou ek nie eers kon begin nie.
Ek vra almal in die TBK om soos ek te maak ... "hats off" vir manne wat omgee!!
Laat julle lede se instrumente hulle ding nou doen ... myne kom hopelik later by!
Weereens groot dank aan Flip en Nico ... ek waardeer dit groot!
Aan almal ... leef julle liefde vir tradisionele boeremusiek heelhartig uit ... soos ek!
Voorspoed, goeie gesondheid en laat ons musiek oorvat.

Groot groete
Leon Laubscher (3233)

Jou grootste toets is wanneer jy vir iemand anders tot seën kan wees terwyl jy self deur 'n storm geteister word.
- Anoniem -

SKRYWES ONTVANG VANAF TAKKE

WESRAND-TAK

Dit is nou byna ‘n jaar sedert die inperkings in Suid-Afrika aangekondig is as gevolg van die Covid-19 pandemie. Dit voel byna soos ‘n ewigheid. Sedert Februarie 2020 is daar geen TBK byeenkomste gehou nie en ons het ons boeremusiekvriende en -musikante byna ‘n jaar laas gesien. Ons mis en verlang baie na julle!
Ons boeremusiekmusikante en -ondersteuners smag na wanneer ons weer bymekaar kan kom en lekker saam kuier. Ons sal maar moet wag totdat die inperkings verslap word en dan sal ons bekend maak wanneer die volgende byeenkomste sal plaavind.
Die Algemene Jaarvergadering vir 2020 kon nie plaasvind soos beplan nie. Toekennings en sertifikate was wel voorberei maar daar was nog geen geleentheid om dit te kon oorhandig nie.
Beplande byeenkomste word in die kalender geplaas soos dit sou gewees het, maar dit sal slegs kan plaasvind sodra die inperkings verslap word. Soos hierbo genoem, sal nuwe datums vir byeenkomste dan bekend gemaak word.
Intussen is planne gemaak en daar is selfs ‘n pragtige laserskyf vrygestel. Die musiek is deur middel van die moderne tegnologie met selfone opgeneem en aan ander musikante gestuur waar elkeen op sy eie tuis saam met die musiek gespeel en dan sy musiek bygevoeg het. Die pragtige laserskyf heet “**Boeretroos Boereorkes” TBK CD 46**, bevat 19 nommertjies en is by die TBK beskikbaar. Daar is dan ook twee nuwe laserskyf-vrystellings wat die TBK die lig laat sien het. Die een is “**Stephaan Speel Boerekonsertina” - TBK CD 47**, wat ‘n heropname is na daar baie aanvraag ontstaan het vir Stephaan se boerekonsertina-musiek. Die vorige uitgawe, 20 jaar gelede, het soos soetkoek uitverkoop en is nooit herdruk nie.
“Japie Laubscher en sy Ysterplaat Kêrels” Volume 3 - TBK CD 48 bevat musiek wat lankal vergete is, maar die TBK het gaan delf en siedaar! Pragtige musiek soos net oom Japie Laubscher en sy Ysterplaat Kêrels dit kon doen.

Dit is ook met groot hartseer dat ons van ons musikante, familie en vriende aan die dood moes afstaan. Ons sal daardie persone in ons harte onthou. Dit was persone wat diep spore in ons tradisionele boeremusiek getrap het.
Aan almal wat ernstig siek is, vra ons dat die HERE Sy hand van genesing oor elkeen sal bring en vertroosting sal bied in tye wanneer ons dit nodig het.

Boeremusiekgroete
Flip Snyman

Almal wil die wêreld verander, maar niemand het ooit daaraan gedink om homself te verander nie.
- Leo Tolstoy (1828 - 1910) –

KATALOGUS – 2021

Kontak Aletta Dorfling 010 541-0978 of verkope@boeremusiek.org in verband met aankope van laserskywe, boeke en artikels. Laserskywe word per koerier (Aramex) gestuur teen R100.

Willie Badenhorst se Orkes – Tradisionele Boeremusiek uit die Wakis	R100
Die Sandvelders – Gaan Kuier	R100
Lourens van Zyl & sy Orkes – Note vir Attie	R100
Oom Hannes Viljoen (Vol. 4)	R100
Die Kaapland Boereorkes	R100
Die Kruinstad en oom Ben Lindeque	R100
Die Lekker Kêrels	R30
Die Wakis Orkes	R100
TBK 35 Jaar (Dubbel laserskyf)	R50
Hans la Grange (Vol. 3, 4, 5 & 6)	R100 elk

Nuwe Vrystellings:

Stephaan Speel Boerekonsertina	**R100**
Japie Laubscher en sy Ysterplaat kêrels (Vol. 3)	**R100**
Willie Welgens	R100
Boeretroos Boereorkes	R120
Japie Laubscher en sy Ysterplaat kêrels (Vol. 2)	R100
Kampvuur Klanke uit die Vaaldriehoek	R120
Oom Gideon van Rooyen	R100
Japie Laubscher en sy Ysterplaat kêrels (Vol. 1)	R100
Piet Snyman – Piet Snyman en Vriende	R100
Jan Mans – Oud maar nie Koud	R100
Jan Mans – Maricomusiek	R30
Magalies Orkes – speel Boeremusiek	R100
Piet Snyman – Wals vir Antoinette	R100
Die Sandvelders: Namakwaland toe	R100
Outydse Klanke Orkes Boerekonsert	R100
Tony Waterloo/Herman Wolfswinkel	R100
Die Wakis Orkes: O'ver die water	R100
Frik Smit en sy orkes	R100
Outydse Potjiekos (Vol. 3)	R30

Dawid de Lange (Vol. 3)	R30
Oom Boet Steyn se Laaste	R30

Kies enige drie van die volgende laserskywe en betaal slegs R200:

Piet Snyman – Piet Snyman en Vriende	R100
Jan Mans – Oud maar nie Koud	R100
Magalies Orkes – speel Boeremusiek	R100
Tony Waterloo/Herman Wolfswinkel	R100

Herdrukte laserskywe:

Oudag Boereorkes (Dubbel laserskyf)	R140

Boeke:

Die Ontstaan en Ontwikkeling van Boeremusiek – Wal Schultz	R50

SMOUS-HOEKIE

Enige persone wat musiekinstrumente en/of verwante produkte soek of aanbied, kan 'n versoek stuur aan info@boeremusiek.org.

Oom Danie Labuschagne bou Boerekonsertinas van uitstaande gehalte. Kontaknommer 072 155 2696.

Flip Snyman doen herstelwerk aan banjo's en kitare. Kontaknommer (011) 955-3615.

Stephaan van Zyl stem konsertinas en beskik oor 'n handleiding oor hoe om 'n konsertina te bespeel. Kontaknommer (012) 991-1732 of 082 777 0124.